Die tweepot-aftreestelsel effektief **1 September 2024**

Geagte -
Kliëntnommer: -

Ons is aktief besig met voorbereidings om die implementasie so glad as moontlik te laat verloop

Ons verwys na ons vorige kommunikasie waar ons u in kennis gestel het van die **nuwe aftree-stelsel** en hoe dit u vanaf 1 September 2024 sal affekteer. ‘n Afskrif van die kommunikasie is beskikbaar by https://www.glacierinsights.co.za/content/uploads/Retirement-Reform-Two-pots-Client-communication-Afr.pdf.

Ons is aktief besig om voor te berei vir hierdie verandering deur ons administrasiestelsels, prosesse en die reëls van die Persoonlike Portefeuljes Aftreefondse aan te pas om die verandering so glad as moontlik te laat verloop.

U aftree-spaargeld sal uit komponente saamgestel word

Die nuwe stelsel maak voorsiening vir u huidige aftree-spaargeld soos op 31 Augustus, en u toekomstige bydraes, om aan drie afsonderlike komponente, algemeen bekend as “potte”, geallokeer te word: die **gevestigde** komponent, die **aftree**-komponent, en die **spaar**komponent. Na die tweepot-stelsel se effektiewe datum (1 September 2024) sal die gevestigde komponent verminder met ‘n bedrag wat aan die spaarkomponent geallokeer word.

Vanaf 1 September 2024 sal die nuwe stelsel outomaties u toekomstige bydraes na die **aftree- en die spaarkomponente** allokeer. Nuwe bydraes sal verdeel word tussen hierdie twee komponente, met **een-derde** na die spaarkomponent en **twee-derdes** na die aftree-komponent.

U **bestaande spaargeld** soos op 31 Augustus 2024, **minus die bedrag wat aan die spaarkomponent geallokeer word**, sal uitgesluit wees van die nuwe stelsel en sal deel vorm van u **gevestigde** komponent. Die huidige reëls sal in plek bly vir hierdie komponent.

Die befondsing van u spaarkomponent

U spaarkomponent sal befonds word deur ‘n bedrag geneem uit die gevestigde komponent. Die bedrag wat geallokeer word sal **10% van die markwaarde van u belegging soos op 31 Augustus 2024** wees, met ‘n maksimum van R30 000. Dit beteken dat die maksimum bedrag in u spaarkomponent **R30 000** sal wees, totdat u nuwe bydraes begin maak. Hierdie allokasie-proses word verplig deur wetgewing.

Die allokasie na die spaarkoponent sal op ‘n **kontrakbasis** toegepas word. ‘n Spaarkom-ponent sal geskep word vir elke afsonderlike kontrak wat u binne die fonds het. U huidige beleggingskeuses sal in u spaarkomponent gedupliseer word, maar u sal die opsie hê om na ander beleggingsfondse om te skakel ná die allokasie-proses.

Een-derde van alle bydraes vanaf 1 September 2024 sal na hierdie komponent gaan.

Dit is belangrik om van die volgende kennis te neem rakende die allokasie-proses gedurende September:

- Indien daar enige **transaksies aan die gang** is op u belegging op 1 September, kan daar dalk ‘n vertraging wees in die allokasie vanaf u gevestigde komponent. Voorbeelde van sulke hangende finansiële transaksies wat wag om geprys te word, sluit in oordragte, herbalanserings, debiet-orders en fooiverhalings. Ons sal die allokasie doen sodra die hangende transaksies gefinaliseer is.
- U **beleggingsopbrengs vir Augustus 2024** sal nie ingesluit wees by die allokasiebedrag hierbo genoem nie aangesien die distribusie van die opbrengs ‘n aantal besigheidsdae neem. Die verdienste sal by die waarde van die gevestigde komponent gevoeg word sodra ons dit ontvang.

U spaarkomponent

Na die allokasie aan u spaarkomponent, sal u die **waarde van u spaarkomponent op die kliënte-webwerf** kan sien. Die spaar-komponent sal vir administratiewe doeleindes as ‘n **nuwe beleggingsplan** reflekteer, maar u sal nie enige nuwe beleggings-dokumentasie of kontrakte ontvang nie. ‘n Bevestiging sal aan u gestuur word om die geallokeerde bedrag en die nuwe plan-nommer vir die spaarkomponent in u kontrak te bevestig. U spaarkomponent is deel van u bestaande aftree-spaargeld in die fonds, maar net anders gestruktureer in terme van die wetgewing.

Die **geallokeerde bedrae en die nuwe plannommers** sal op toekomstige state van einde September af reflekteer.

Onttrekking uit u spaarkomponent

U sal toegelaat word, maar nie verplig word nie, om R2 000 of meer, per kontrak, eenmaal per belastingjaar te onttrek (spaar-onttrekkingsvoordeel) uit u spaarkomponent. ‘n **Aftreefonds Onttrekkingsvorm** kan aanlyn via die kliënte-webwerf aangevra word, of u kan dit van ons Kommunikasiesentrum aanvra.

Let asseblief daarop dat indien u ‘n vroeë onttrekking uit u spaarkomponent maak, dit ‘n **impak op die beskikbare kapitaal sal hê wanneer u aftree**, wat ook ‘n impak sal hê op u lewenstyl tydens aftrede. Konsulteer asseblief met u finansiële tussenganger om seker te maak dat u ‘n ingeligte besluit neem.

Ons moedig u aan om gebruik te maak van enige funksionaliteit wat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) bied wat u van ‘n geskatte belastingbedrag vir illustratiewe doeleindes kan voorsien.

Belastingimplikasies

Belasting op onttrekkings

Wanneer u uit die spaarkomponent onttrek, sal die **spaaronttrekkings-voordeel** onderhewig wees aan ‘n **belastingaftrekking teen u marginale belastingkoers**, soos aangedui deur die SAID. Enige uitstaande belasting kan ook afgetrek word voor ons die betaling maak. By assessering sal die waarde van hierdie onttrekkingsvoordeel ingesluit word in u totale belasbare inkomste vir die jaar, met inagneming van die belasting wat alreeds teruggehou is. Die onttrekking uit u spaarkomponent kan lei tot ‘n hoër marginale koers vir die jaar van assessering.

Jaarlikse vergoeding

Die SAID vereis dat u u **jaarlikse vergoeding** op die onttrekkingsvorm aandui. Dit is belangrik om die **korrekte waarde** te verskaf, aangesien ‘n onderskatting ‘n jaarlikse assesseringskuld tot gevolg sal hê as te min belasting teruggehou is tydens die onttrekking.

- ***VERGOEDING*** *beteken inkomste betaal vir dienste verskaf en sluit salaris, geldelike voordele, bonusse, kommissie, fooie, toelaes, vooruitbetalings, en selfs pensioen-inkomste in.*

Korrekte belasting-besonderhede

Dit is belangrik dat ons u **korrekte belastingbesonderhede** het, aangesien verkeerde inligting kan lei tot die afkeuring van die belastingdirektief, wat sal lei tot ‘n vertraging in die betaling van die onttrekkingsvoordeel. U kan vir ‘n belastingnommer registreer op die SAID eFiling stelsel, indien nodig. Let asseblief daarop dat, wanneer ons die belastingdirektief aangevra het, ons nie u onttrekkingstransaksie kan omkeer nie.

Sleutelpunte om te onthou

- Slegs **een onttrekking** uit die spaarkomponent van elke kontrak sal per belastingjaar (1 Maart tot 28 Februarie) toegelaat word.
- ‘n **Minimum onttrekkingsbedrag van R2 000** is van toepassing.
- U **belastingverwysingsnommer is verpligtend** en word vereis op die aansoek vir die belastingdirektief.
- U **jaarlikse vergoeding** word vereis op die aansoek vir die belastingdirektief.
- Die onttrekking kan slegs geprosesseer word met ontvangs van die **belastingdirektief** vanaf die SAID.
- Die onttrekkingsbedrag sal **proporsioneel uit die onderliggende beleggingsfondse** van die spaarkomponent verhaal word.
- Hierdie onttrekking mag daartoe lei dat u belegging nie meer voldoen aan **Regulasie 28** van die Pensioenfondswet nie. Indien dit gebeur, sal u dit sonder versuim moet korrigeer.

Fooie

Glacier se fooie loop op aan die einde van elke dag. Fooie word maandeliks aan die einde van elke maand verhaal deur eenhede uit u kollektiewe beleggingsfondse te verkoop. Ons sal die fooie **proporsioneel vanuit al die komponente in u kontrak** verhaal.

Bly **ingelig**

Indien u enige vrae het oor die onderwerpe hier onder gelys, besoek asseblief die **Glacier Retirement Fund Member Information Hub** by Retirement Fund Member Information – Glacier Insights, waar verdere inligting beskikbaar is, soos:

- Wat gebeur in geval van **afsterwe, egskeiding of emigrasie**, ens.
- **Oordrag tussen die komponente** in u fonds, of tussen aftreefondse.
- **Bydraes tot u aftree-spaargeld** in die fonds.
- Die **toepassing van Regulasie 28** van die Pensioenfondswet en verskillende beleggings tussen komponente.

Besoek hierdie inligtingsblad asseblief gereeld aangesien ons deurlopend inligting byvoeg soos dit beskikbaar raak.

Ons beveel aan dat u u finansiële tussenganger vir advies kontak sodat u ‘n ingeligte besluit kan neem. Indien u gebruik wil maak van aftree **voordeel berading**, kan u ons Kommunikasiesentrum kontak by 021 917 9000 / 0860 452 237.

Vriendelike groete

Natashja Terblanche
Hoof: Kliëntediens

Tel: +27 21 917 9000 / 0860 452 237
Faks: +27 21 947 9210
E-pos: client.services@glacier.co.za
Webblad: www.glacier.co.za

Glacier Financial Solutions (Edms) Bpk | ‘n Lid van die Sanlam Groep | Privaatsak X5 | Tygervallei 7536 | client.services@glacier.co.za | Tel +27 21 917 9000 / 0860 452 237 | Faks +27 21 947 9210 | www.glacier.co.za | Twitter @GlacierBySanlam | Reg Nr 1999/025360/07

Sanlam Lewensversekering Bpk | life@sanlam.co.za | Tel + 27 21 916 5000 / 0860 726 526 | Faks +27 21 947 9440
Reg Nr 1998/021121/06 | Gelisensieerde Finansiële Dienste Verskaffer | Sanlam's Privacy Policy

DINK WÊRELDKLAS